**Dinsdag 7 Julie**
**Skrifgedeelte: Numeri 11:1-15**
**Fokusgedeelte: Numeri 11:2, 3**
**God se geduld met sy volk**

Die volk begin kla oor hulle swaarkry in die woestyn. Die woord vir "kla" wat hier gebruik word, het die betekenis van "brom" en "verwyt". Die volk was soos "grommende bere, soos duiwe wat kla en kla" (Jes. 59:11). Hulle behoeftes het hulle dus verlei om die Here te verwyt. Die Here word kwaad en Hy stuur 'n vuur wat 'n deel van die kamp verbrand. Wat presies met die "vuur" bedoel word, is onseker, maar daar kan moontlik aan 'n bliksemstraal gedink word (vgl. 2 Kon. 1:10). Die werklike vuur in die kamp is deel van die Here se woede oor hulle verwyte. Steeds is die Here genadig deurdat slegs 'n deel van die kamp deur die vuur vernietig is.

Die volk bekla hulle nood by Moses en hy bid tot die Here. In sy genade verhoor die Here Moses se gebed, en die vuur gaan dood. So word Moses 'n middelaarsfiguur tussen God en sy volk. Moses is egter 'n skadubeeld van die eintlike Middelaar wat sou kom, naamlik ons Here Jesus Christus. En van Hom sê die Hebreërskrywer, Hy is 'n Middelaar wat medelye het met ons swakhede. Hy het gekom om ons vir altyd met God te versoen. Hy het ons gered van die ewige vuur. Juis daarom moet ons sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Ons moet daarop fokus om in alle omstandighede dankbaar te wees.

*Sing: Psalm 38-1:1, 15, 17*

*Ds. WJ (Kobus) Botha (Bloemfontein-Noord)*